higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T880(A)(J24)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

(4110022)

24 Julie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae deeglik deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Trek 'n streep onderaan die bladsy nadat elke vraag voltooi is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: RYKDOMSKEPPING

1.1 Noem AGT positiewe ekonomiese gevolge wat die mynbedryf na die land gebring het. (8 × 1) (8)

1.2 Verduidelik kortliks die term *rykdom*. (2 × 1) (2)

[10]

VRAAG 2: GRONDBEGINSELS VAN ORGANISASIE

2.1 Verduidelik VIER struikelblokke wat in groot ondernemings kan ontstaan. (4 × 1) (4)

2.2 Onderskei tussen *formele* en *informele* organisasies. (2 × 2) (4)

2.3 Toesighouers is baie belangrike mense in maatskappye. Daar word van hulle verwag om 'n gunstige indruk van die maatskappy te skep en om te alle tye ingeligte besluite te neem.

Noem VYF eienskappe wat van 'n toesighouer vereis word. (5 × 1) (5)

2.4 Noem VIER kommunikasiemetodes in mediumgroot maatskappye. (4 × 1) (4)

2.5 'n Toesighouer word belas met verantwoordelikheid wat nie gedelegeer kan word wanneer gesag aan hom/haar gedelegeer word nie.

Bespreek kortliks die betekenis van *verantwoordelikheid.* (3 × 1) (3)

[20]

VRAAG 3: ORGANISASIESTRUKTUUR

3.1 Beskryf 'n persoon wat goed in die werksituasie aangepas het. (2 × 1) (2)

3.2 Noem VIER veralgemenings oor die menslike natuur. (4 × 1) (4)

3.3 Toesighouers stem saam dat beter samewerking bereik kan word tussen die mense wat as 'n span saamwerk en 'n taak betyds afhandel.

Noem VYF ander aanduidings van bogenoemde stelling. (5 × 1) (5)

3.4 Noem VYF punte wat bestuur in werking kan stel om die sienings en menings van werkers te bepaal. (5 × 1) (5)

3.5 Definieer die volgende terme:

3.5.1 Kultuur

3.5.2 Houding

(2 × 2) (4)

3.6 Noem VYF faktore wat sal verseker dat mense met hulle werk tevrede sal wees.

(5 × 1) (5)

[25]

VRAAG 4: VOORKOMING VAN ONGELUKKE

4.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Vyf en negentig persent (95%) van alle nywerheidsongelukke word deur menslike faktore veroorsaak.

4.1.2 Dit is gevaarlik om voorwerpe op te tel want dit kan rugbeserings veroorsaak.

4.1.3 Leë gasbottels kan saam met ongebruikte gasbottels gestoor word mits die leë bottels aanmekaar geketting en ook gemerk word.

4.1.4 Dit is 'n goeie idee dat maatskappye 'n veiligheidsrekord het.

4.1.5 'n Veiligheidsbestuursplan (VBP) moet alle kwessies ten aansien van 'n maatskappy se veiligheidsoudits en veiligheidsinspeksies insluit.

4.1.6 Alle veiligheidsklere moet ten minste elke twee jaar geïnspekteer word om seker te maak dat hulle nog in 'n goeie toestand is.

4.1.7 Dit is raadsaam om met 'n ongelukondersoek te begin so gou die beseerde persoon/persone uit die hospitaal ontslaan is, selfs al is dit na drie maande.

4.1.8 Wanneer 'n persoon 'n oogbesering opgedoen het, is die beste moontlike vorm van eerstehulp om KPR op daardie persoon uit te voer.

4.1.9 Slegs die toesighouer moet toegang tot die eerstehulpkas hê.

4.1.10 Bewusteloosheid beteken gebreekte bene.

(10 × 1) (10)

4.2 Noem TWEE oorsake van chemiese brandwonde en gee EEN voorbeeld van elk. (2 × 2) (4)

4.3 Noem TWEE van die grootste gevare in verband met oop wonde. (2 × 1) (2)

4.4 Gee die DRIE hoofoorsake van ongelukke in persentasies weer. (3 × 1) (3)

4.5 Gee EEN voorbeeld van goeie huishouding. (1)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: ARBEIDSVERHOUDINGE

5.1 Noem DRIE partye wat by arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika betrokke is. (3 × 1) (3)

5.2 Noem die oogmerke van die Wet op Arbeidsverhoudinge. (6 × 1) (6)

5.3 Noem die doel van die Werksrade ('Works Councils'). (3 × 1) (3)

5.4 Noem DRIE aktiwiteite wat bestuur moet uitvoer om konfrontasie by werkplekforums te voorkom. (3 × 1) (3)

[15]

VRAAG 6: BEDRYFSORIËNTASIE

6.1 Gee EEN term vir elkeen van die volgende beskrywings deur een te kies uit die lys hier onder. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (6.1–6.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

verspreidingsbestuurder; swak bestuur; verandering in gedrag; los voorwerpe; natuurlike hulpbronne; oudits; kapitaal; HFB; HUB; aansporing/aanstigting ('incitement'); spanbou; respiratore; departementele vergadering

6.1 Die hoofoorsaak van werksontevredenheid

6.2 Die reaksie op frustrasie

6.3 'n Voorbeeld van beskermende klere

6.4 Departementele naweek weg om te probeer om spanning op te los en werkverwante stres te verlig

6.5 Dit kan onmiddellike ontslag regverdig

6.6 Formele ondersoeke ('examinations') van organisasies se veiligheidstoestande

6.7 Die ander naam vir grondstowwe

6.8 Een van die oorsake van bedryfsongelukke

6.9 Die geld wat nodig sal wees om 'n onderneming te begin

6.10 Die mees senior persoon in die maatskappy

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou